CLASSICAL ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA
KLASSIEKE VERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Minutes of the General Meeting, held in Grahamstown, 30 June 2011
Notule van die Algemene Vergadering, gehou in Grahamstad, 30 Junie 2011

1. Opening and welcome / *Opening en verwelkoming*

The chairperson, Christoff Zietsman, welcomes all present. / *Die voorsitter, Christoff Zietsman, verwelkom almal teenwoordig.*

2. Attendance / *Teenwoordig*

J Atkinson; P Bosman; C Chandler; J Cilliers; L Cilliers; J-M Claassen; M De Marre; M Dircksen; A Doyle; F Fontana; S Haskins; W Henderson; M Hermans; J Hilton; J Jackson; K Kritzinger; L Lamprecht; L Levy; A Machin; G Monti, J Murray; S Nagy; A Ryan; J Steenkamp; A Tronson; B van Zyl Smit; H Wolmarans; I Zager; C Zietsman.

Apologies / *Verskonings*

B Britz; A Domanski; A Kotzé; D Kriel; M Lambert; F Pauw; S. Masters; D Pike; C Schumann; W Snowball; E Steinmeyer; J Thom; S Thom; D Wardle.

3. Personalia

3.1 In memoriam

One minute of silence is observed in memory of the following four members who have passed away since the previous meeting: W Richards; I Rutter; D Saddington; J Scholtemeijer. / *Een minuut stilte word gehandhaaf ter nagedagtenis aan die volgende vier lede wat oorlede is sedert die vorige vergadering: W Richards; I Rutter; D Saddington; J Scholtemeijer.*

3.2 Publications / *Publikasies*

Henderson, W J 2011. *Die Berispende Stem: vroeë Griekse jambiese poësie*. Johannesburg: University of Johannesburg.

Kriel, D M 2011. Afrikaanse vertalings van *Marcus Tullius Cicero: De Senectute* en *De Amicitia*. Privaat gepubliseer.

Lambert, M 2011. *The Classics and South African Identities*. Bristol Classical Press/Bloomsbury: London/NY.

Sharland, S 2010. *Horace in Dialogue: Bakthinian Readings in the Satires*. Peter Lang: Oxford.

Van Zyl, D H (ed.) & Kriel, D M (transl.) 2009. *The three books on Interest-bearing loans and Interest*. Pretoria: Pretoria University Law Press.

3.3 Appointments and Promotions / *Aanstellings en Bevorderings*

Christoff Zietsman was appointed as Departmental Chair of the restructured and newly named Department of Classical and Near Eastern Studies (formerly the Department of Classical Languages) at the University of the Free State. / *Christoff*

Zietsman is aangestel as Departementele Voorsitter van die geherstruktureerde Departement Klassieke Tale onder 'n nuwe naam as die Departement Klassieke en Nabye Oosterse Studie by die Universiteit van die Vrystaat.

Three junior lecturers have been appointed in the Department of Ancient Languages at the University of Pretoria: Dr Susan Haskins (Latin); Ronald van der Berg (Greek) and Jo-Mari Schäder (Semitic Languages). All three will also be involved with the teaching of Ancient Culture. / *Drie junior lektore is in die departement Antieke Tale aan die Universiteit van Pretoria aangestel*: *Dr Susan Haskins (Latyn); Ronald van der Berg (Grieks) and Jo-Mari Schäder (Semitiese Tale). Al drie sal ook betrokke wees by die aanbieding van Antieke Kultuur.*

Ilona Zager has been appointed on contract at Unisa to teach Ancient History. / *Ilona Zager is by Unisa op 'n kontrakbasis aangestel om Antieke Geskiedenis aan te bied.*

Andrea Doyle has been appointed Head of the Department of Greek and Roman Studies at the University of Johannesburg. / *Andrea Doyle is aangestel as Hoof van die Departement Griekse en Romeinse Studies by die Universiteit van Johannesburg.*

Dr Roman Roth has been promoted to senior lecturer at the University of Cape Town. / *Dr Roman Roth is bevorder tot senior lektor aan die Universiteit van Kaapstad.*

3.4 Retirements / *Aftredes*

3.5 Degrees obtained / *Grade verwerf*

PhD degrees have been obtained by Mark Kirby-Hirst (University of South Africa), Adrian Ryan (UKZN, Durban) and Mark Hermans (UWC). / *PhD-grade is verwerf deur Mark Kirby-Hirst (Universiteit van Suid-Afrika), Adrian Ryan (UKZN, Durban) en Mark Hermans (UWK).*

3.6 Awards and bursaries / *Toekennings en beurse*

Marianne Dircksen received an "Award for Excellence in Teaching" (NWU). / *Marianne Dircksen het 'n "Toekennning vir Voortreflike Onderrig" ontvang (NWU).*

The Ursula Vogel bursary has been awarded to Beate Britz (NWU). / *Die Ursula Vogel beurs is aan Beate Britz (NWU) toegeken.*

4. Adoption of the Minutes / *Goedkeuring van die Notule*

The minutes of the previous Business Meeting of CASA, held in Pretoria, July 2009, are approved (proposed: John Hilton; seconded: Johan Cilliers). / *Die notule van die vorige Algemene Vergadering van die KVSA, gehou in Pretoria 2009, word goedgekeur (voorsteller: John Hilton; sekondant: Johan Cilliers).*

5. Matters arising / *Sake voortspruitend*

5.1 FIEC – Mike Lambert is willing to continue as representative of CASA at this association. / *FIEC – Mike Lambert is gewillig om voort te gaan as verteenwoordiger van die KVSA by hierdie vereniging*.

5.2 The Association's registration as an NPO must be renewed before the end of July 2011. John Hilton explains that the advantage of being an NPO lies in the Association's ability to receive donations without being taxed. He will approach a few companies with a view to obtain donations. / *Die vereniging se registrasie as 'n NWO moet voor die einde van Julie 2011 hernu word. John Hilton verduidelik dat sodanige registrasie veral voordelig vir die Vereniging i, indien donasies ontvang word, aangesien skenkings aan 'n NWO nie belasbaar is nie. Hy sal 'n paar maatskappye nader met die oog daarop om donasies te verkry.*

5.3 Some changes to the Constitution of CASA concerning the right to vote are proposed and accepted (see website; see par. 14 for the address). / *Sekere veranderinge aan die konstitusie van die KVSA ten opsigte van stemreg word voorgestel en aanvaar (sien webtuiste; sien par. 14 vir die webadres).*

6. Chairperson's report / *Voorsittersverslag*

The chairperson delivers his report. The report is approved (proposed: Johan Cilliers; seconded: Betine van Zyl Smit). / *Die voorsitter lewer sy verslag. Die verslag word goedgekeur (voorsteller: Johan Cilliers; sekondant: Betine van Zyl Smit).*

7. Treasurer's report / *Tesouriersverslag*

The report is presented by Koos Kritzinger. An increase in membership fees is approved. The incoming treasurer is requested to investigate the facilitation of payments from abroad since it is expensive to process bank transfers from outside of South Africa. Although the subsidies for *Acta Classica* (R12000) and *Akroterion* (R8000) remain unchanged, the editors of both publications are encouraged to apply for financial support from the NRF for their respective journals. The report is approved (proposed: Louise Cilliers; seconded: Betine van Zyl Smit). The chair thanks Koos Kritzinger who took over as treasurer when organising the conference prevented David van Schoor from carrying out his duties as treasurer. / *Die verslag word deur Koos Kritzinger voorgelê. 'n Verhoging in lidmaatskapfooie word goedgekeur. Die nuwe tesourier word versoek om die vergemakliking van betalings van oorsee te ondersoek, aangesien bankoordragte van buite Suid-Afrika baie duur is. Alhoewel die subsidies vir* Acta Classica *(R12000) en* Akroterion *(R8000) onveranderd bly, word die redakteurs van beide publikasies aangemoedig om by die NRF vir finansiële ondersteuning van die onderskeie tydskrifte aansoek te doen. Die verslag word goedgekeur (voorsteller: Louise Cilliers; sekondant: Betine van Zyl Smit). Die voorsitter bedank Koos Kritzinger wat oorgeneem het as tesourier toe David van Schoor te besig was met die organisering van die kongres om die pligte van tesourier te vervul.*

7.1 A donation of R3330 has been made to the Association by mr. Knobel. / *'n Donasie van R3330 is deur mnr. Knobel aan die Vereniging gemaak.*

8. Reports from regional branches / *Verslae van streekstakke*

The reports from all regions were incorporated in the Chairman's report. / *Die verslae van al die streekstakke is in die Voorsittersverslag vervat.*

9. Acta Classica

Both the editor's report and the financial report were made available before the Business Meeting. The meeting is informed that *Acta Classica* is now on the Thompson list. The 2012 edition will be dedicated to Denis Saddington. All abstracts for the conference will appear in *Acta Classica* and Bill Henderson invites participants of the 2011 conference to send article versions of their papers to *Acta Classica*. A vote of thanks to the editorial team is proposed and accepted. The report is approved (proposer: Betine van Zyl Smit; seconder: John Hilton). The financial report is presented by Phlip Bosman. He points out that the financial report could be misleading since the last edition was sponsored by Unisa. Expenses are still increasing and *Acta Classica* depends on the subsidy from CASA. The financial report is approved (proposed: Johan Steenkamp; seconded: Louise Cilliers). / *Sowel die redakteur se verslag as die finansiële verslag is voor die Algemene Vergadering beskikbaar gestel. Die vergadering verneem dat* Acta Classica *nou op die Thompson lys is. Die 2012 uitgawe sal aan Denis Saddington opgedra word. Alle kongresopsommings sal in* Acta Classica *verskyn. Bill Henderson nooi alle deelnemers aan die 2011 kongres uit om hul voordragte in artikel formaat aan* Acta

Classica *te stuur. 'n Mosie van dank teenoor die redaksie word voorgestel en aanvaar. Die verslag word goedgekeur (voorsteller: Betine van Zyl Smit; sekondant: John Hilton). Phlip Bosman lê die finansiële verslag voor. Hy wys daarop dat die verslag misleidend kan wees aangesien Unisa die laaste uitgawe geborg het. Finansiële uitgawes neem steeds toe, en* Acta Classica *het die KVSA se finansiële steun nodig. Die finansiële verslag word goedgekeur (voorsteller: Johan Steenkamp; sekondant: Louise Cilliers.).*

10. ***Akroterion***

The report has been circulated before the meeting. The report is approved (proposed: John Atkinson; seconded: Koos Kritzinger). Members express their concern that the publication is becoming less 'popular' and more academic despite an earlier motion passed by the Association that *Akroterion* should also cater for a broader readership. The outgoing chairperson is requested to discuss this matter with the Editorial Board of *Akroterion*. / *Die verslag is reeds voor die vergadering beskikbaar gestel. Die verslag word goedgekeur (voorsteller: John Atkinson; sekondant: Koos Kritzinger). Lede spreek hul kommer uit oor die feit dat die tydskrif minder 'populêr en meer akademies van aard word ten spyte van 'n vroeëre mosie wat deur die Vereniging aanvaar is dat* Akroterion *ook vir 'n breër leserspubliek toeganklik moet wees. Die uittredende voorsitter word versoek om hierdie aangeleentheid met die Redaksie van* Akroterion *te bespreek.*

11. Taskforce on Latin tuition / *Werkgroep oor Latyn-onderrig*

A report on the status of Latin in South African high schools by Jo-Marie Claassen has been made available before the meeting. She agrees to continue to act as Latin moderator for Umalusi. Following a proposal put forward by the Executive Committee the "Taskforce on Latin Tuition" will be replaced with a sub-committee "Classics Outreach", which will co-ordinate all informal courses in Classical Languages and Cultures aimed at members of the public as well as any other efforts to promote the Classics. /*'n Verslag oor die stand van Latyn in Suid-Afrikaanse hoër skole deur Jo-Marie Claassen is voor die vergadering beskikbaar gestel. Sy stem in om aan te bly as Latyn moderator vir Umalusi. In ooreenstemming met 'n voorstel van die Hoofbestuur word die "Werkgroep vir Latynonderrig" vervang deur 'n sub-kimitee "Klassieke Uitreik", wat alle informele kursusse in Klassieke Tale en Kultuur vir lede van die publiek sowel as enige ander pogings om die Klassieke te bevorder, sal koördineer.*

12. Schola Scripta / *Schola Scripta*

12.1 The Academia Latina (U.P.) thanks CASA for the grant of R4000 to *Schola Scripta* over a period of two years. / *Die Academia Latina (U.P.) bedank die KVSA vir die jaarlikse bydrae van R4000 oor twee jaar vir* Schola Scripta.

A proposal is put to the meeting by Susan Haskins that Classics departments of South African universities consider exemption of a semester of Latin and/or Ancient Culture for any student who has completed *Schola Scripta* I-IV successfully. The student will not obtain any course credits. The meeting takes note of the proposal but since syllabi, module contents and -structure differ from university to university, it is agreed that the final decision concerning exemption of modules or part thereof, lies with individual universities. The course contents of *Schola Scripta* I-IV is available from the Academia Latina. / *Susan Haskins stel voor dat Klassieke departemente aan alle Suid-Afrikaanse universiteite dit oorweeg om enige student wat* Schola Scripta *I-IV suksesvol voltooi het, vry te stel van Latyn en/of Klassieke Kultuur vir 'n semester in die eerste studiejaar by die betrokke universiteit. Geen kursuskrediete sal verwerf word nie. Die vergadering neem kennis van die voorstel, maar aangesien silabusse en module-inhoude van universiteit tot universiteit verskil, word ooreengekom dat die finale besluit ten opsigte van die vrystelling van modules of gedeeltes daarvan by die individuele universiteite berus.*

13. Research committee / *Navorsingskomitee*

The review of journal holdings at universities has not yet been completed. Regarding the request that the committee notify members of international classics conferences, Betine van Zyl Smit suggests that members subscribe to the "Liverpool Classics Listserver" in order to obtain information on upcoming conferences. John Hilton undertakes to provide members with contact details for the Listserver via e-mail. / *Die hersiening van universiteite se tydskrif-oplaag is nog nie voltooi nie. Wat die komitee se opdrag om lede in kennis te stel van internasionale kongresse betref, stel Betine van Zyl Smit voor dat lede op die "Liverpool Classics Listserver" inteken om op hoogte te kom. John Hilton onderneem om lede van kontakbesonderhede vir die "Listserver" te voorsien.*

14. Fund-raising and publicity committee / *Fondsinsamelings- en publisiteits-komitee (website).*

Since these functions are closely linked to those of the web-master, there is no longer a need for a separate committee. */ Aangesien hierdie funksies ooreenstem met dié van die webmeester, bestaan daar nie langer 'n behoefte aan 'n aparte komitee nie.*

15. John Hilton agrees to stay on as web master, but reminds members that the asset belongs to the Association and
16. encourages everyone to supply him with information. Jo-Marie Claassen proposes a vote of thanks to John Hilton for the work he is doing in this regard. The web address is: http:www.casa-kvsa.org.za. / *John Hilton stem in om aan te bly as webmeester, maar herinner lede daaraan dat die bate aan die Vereniging behoort en moedig almal aan om inligting aan hom te voorsien. Jo-Marie Claassen stel 'n mosie van dank teenoor John Hilton voor vir die werk wat hy in hierdie verband doen. Die webadres is:* http:www.casa-kvsa.org.za.

16. Ursula Vogel Memorial Bursary / *Ursula Vogel-Gedenkbeurs*

Thirteen applications were received for this bursary. Applicants will in future be required to comply with formal requirements and only candidates who will be engaged in solid research will be considered for the award. It has also been decided that the recipient of the award will receive only part of the funds and will be required to submit a satisfactory report before the remainder of the money will be made available. The chair person of the trustees who act as the adjudicating committee will rotate for each round of the award. A call for applications for the 2013 award will be circulated by the middle of 2012. / *Dertien aansoeke is vir hierdie beurs ontvang. Aansoekers sal in die toekoms aan formele vereistes moet voldoen en slegs kandidate wat met ernstige navorsing besig sal wees sal vir die toekenning oorweeg word. Daar is ook besluit dat die ontvanger van die toekenning slegs 'n gedeelte van die fondse sal ontvang en die res van die geld beskikbaar sal word na indiening van 'n bevredigende verslag Die voorsitter van die trustees wat optree as die keurkomitee sal vir elke rondte van die toekenning roteer. Aansoeke vir die 2013-tekenning sal teen die middel van 2012 gevra word.*

17. Awards for excellence in education and research / *Toekennings vir voortreflikheid in onderrig en navorsing*

No proposals have been received. The incoming Executive Committe is requested to timeously identify suitable candidates before the next conference. / *Geen voorstelle is ontvang nie. Die nuwe Hoofbestuur word versoek om betyds voor die volgende kongres geskikte kandidate te identifiseer.*

18. CASA Essay competition / *KVSA Opstelkompetisie*

The chairperson thanks the adjudicators of this competition, Martine de Marre, Suzanne Sharland and Annemaré Kotzé for their hard work. In future each academic institution will be restricted to two essays and participants may submit only one essay each. The 1st prize has been increased to R1000 and the 2nd prize to R800. / *Die voorsitter bedank die beoordelaars van hierdie kompetisie, Martine de Marre, Suzanne Sharland en Annemaré Kotzé vir hulle harde werk. In die toekoms mag slegs twee opstelle per akademiese instelling ingeskryf word en deelnemers aan die kompetisie word beperk tot een opstel elk.*

19. Election of Office-bearers / *Verkiesing van Ampsdraers*

19.1 Patron, Honorary presidents, Honorary vice-presidents / *Beskermheer, Ere-presidente, Ere-visepresidente*

Based on a motivation and proposal put forward by the Executive Committee the meeting unanimously elects Louise Cilliers and Jo-Marie Claassen as Honorary Presidents of CASA. / *Na aanleiding van 'n motivering en voorstel voorgelê deur die Hoofbestuur verkies die vergadering eenparig vir Louise Cilliers en Jo-Marie Claassen tot Erepresidente van die KVSA.*

19.2 Executive committee / *Hoofbestuur*

The following members are elected: / *Die volgende lede word verkies*:

Chairperson / *Voorsitter*	Mike Lambert
Vice Chairperon / *Ondervoorsitter*	Annemaré Kotzé
Secretary / *Sekretaris*	Johan Steenkamp
Treasurer / *Tesourier*	Susan Haskins

Additional members/*Addisionele lede*

Fund-raising and publicity (website) / *Fondsinsameling en publisiteit (webtuiste)*:	John Hilton
Research / *Navorsing*	Adrian Ryan
Classics outreach / *Klassieke uitreik*:	Corrie Schumann

19.3 Editorial Committee: Acta Classica / *Redaksie: Acta Classica*

Editor / *Redakteur*	David Wardle
Secretary / *Sekretaris*	Chuck Chandler
Treasurer / *Tesourier*	Phlip Bosman
Additional members / *Addisionele lede*	Bill Henderson; John Hilton

20. Venue, date and theme of next conference / *Plek, datum en tema van volgende kongres*

20.1 Venue / *Plek*

The next biennial conference will be held in Bloemfontein in July 2013 on the theme "Reception". The organiser of the conference, Christoff Zietsman, suggests that one day of the conference be shared with colleagues from the discipline of Roman Law. Judge Deon van Zyl will be invited as key note speaker for that session. If the conference coincides with the Volksblad Arts Festival, the organisers will also consider inviting the public to one or more of the 'more popular' talks. / *Die volgende tweejaarlikse kongres sal in Julie 2013 gehou word oor die tema "Resepsie". Die organiseerder van die kongres, Christoff Zietsman, stel voor dat een dag van die kongres met kollegas uit die dissipline van Romeinse Reg gedeel word. Regter Deon van Zyl sal genooi om as hoofspreker vir daardie sessie op te tree. Indien die kongres gedurende die Volksblad Kunstefees plaasvind, sal die organiseerders ook oorweeg om die publiek na een of meer lesings te nooi.*

20.2 Date / *Datum*

A written request was made by Sjarlene Thom to change the date of the conference to the 3rd or 4th week of October. The meeting decides that in view of the academic calender of South African universities, this will not be a suitable time, but the organisers of the next conference will consider moving the date to the last week of the winter recess (normally the third week in July), in order to accommodate members who wish to work abroad in June and July. / 'n *Skriftelike versoek is deur Sjarlene Thom gerig dat die datum van die kongres geskuif word na die 3de of 4de week van Oktober. Die vergadering besluit dat, in die lig van die akademiese kalender van die Suid-Afrikaanse universiteite, hierdie nie 'n geskikte tyd sal wees nie, maar die organiseerders van die volgende kongres sal dit oorweeg om die kongres na die laaste week van die wintervakansie te skuif (normaalweg die derde week in Julie) om lede wat in Junie en Julie oorsee wil werk te akkommodeer.*

20.3 Guidelines / *Riglyne*

Christoff Zietsman will compile a set of guidelines for organisers of future conferences. / *Christoff Zietsman sal 'n stel riglyne opstel vir organiseerders van toekomstige kongresse.*

21. Other matters

21.1 The executive has received a proposal from John Hilton that a Translation Competition be introduced. He requests CASA to make prize money available for such a competition. The proposal is accepted. A committee consisting of John Hilton, Jeffrey Murray, Szerdi Nagy and Susan Haskins is elected for the purpose of working out the details of the competition. / *Die bestuur het 'n voorstel van John Hilton ontvang dat 'n Kompetisie in Onvoorbereide Vertaling geloods word. Hy versoek dat die KVSA prysgeld vir die kompetisie beskikbaar stel. Die voorstel word aanvaar. 'n Komitee bestaande uit John Hilton, Jeffrey Murray, Szerdi Nagy en Susan Haskins word aangewys om die detail van die kompetisie uit te werk.*

21.2 A proposal has also been received from Lesley Levy for the introduction of an essay competition in which students compare prominent personalities from ancient and modern times. He will put up prize money for such a competition. The meeting decides that the competition will form part of the CASA essay competition, but be adjudicated in a separate, restricted category. / *Die bestuur het ook 'n voorstel van Lesley Levy ontvang dat 'n opstelkompetisie ingestel word waarin studente prominente persoonlikhede uit antieke en moderne tye vergelyk. Hy sal die prysgeld voorsien. Die vergadering besluit dat die kompetisie deel van die bestaande KVSA-kompetisie sal vorm, maar as afsonderlike, beperkte kategorie beoordeel sal word.*

22. Votes of thanks / *Bedankings*

The chairperson thanks the caterers, technical team and the organising committee, especially David van Schoor, John Jackson and Carol Stevenson for their hard work in organising the conference and for their sponsorship. John Hilton thanks the outgoing commitee, and especially the chairman, Christoff Zietsman, for the effort and time they have put in during the past two years. / *Die voorsitter bedank die spyseniers, die tegniese span en die reëlingskomitee, veral David van Schoor, John Jackson and Carol Stevenson vir hul harde werk om die kongres te reël en vir hul borgskap. John Hilton bedank die uittredende bestuur, en veral die voorsitter, Christoff Zietsman, vir hul toewyding en tyd afgestaan gedurende die afgelope twee jaar.*